

Skriflesing: Esegïel 36 vers 24-29 en 37 vers 1-14

Tema: God sal doodsbeendere lewend maak

Esegïel 36 en 37 dateer uit die tyd van Israel se Babiloniese ballingskap rondom 600 vC en latere jare. Hulle is in ballingskap as gevolg van hulle volharding in sonde. Juda se hoofstad, Jerusalem, is deur die Babiloniërs ingeval. Die tempel en stad is vernietig. Baie van die inwoners is doodgemaak. 'n Groot persentasie van die leiers en denkers, waaronder Esegïel, is weggevoer na Babel meer as 800-1000 km weg. Hulle sit nou al langer as 70 jaar in ballingskap. Hulle het alles verloor wat lief en dierbaar is. Hulle land, tempel, sekuriteit en kultuur is verlore.

Hulle ervaar intense verlies en uitsigloosheid. Dit voel asof God ver is, asof Hy hulle in die steek gelaat het. Hulle vra dan ook: "Waar is God? Hoe kan 'n mens dit wat gebeur verklaar? Wat is die sin van die lewe?" Hulle is neerslagtig. Hulle het geen hoop meer nie. Van hulle is depressief. Ons lees van hulle uitsigloosheid in Esegïel 37 vers 11: "Die Here het vir my gesê: "Mens, al hierdie bene stel die hele Israel voor. Hulle sê: 'Ons bene is uitgedroog, ons het geen hoop meer nie, dit is klaar met ons."

In hierdie situasie bly God in beheer. Hy is die Almagtige in beheer van die wêreldgeskiedenis. Hy het 'n plan wat Hy uitvoer. Hy is die Beskikker van die lotgevalle van volke en nasies. Hy is die Regverdige wat oordeel, straf en vergewe. En Hy doen al hierdie dinge sodat ons sal beseef en bely dat Hy die Here is en dat ons sal buig voor Hom. Dit is die hoofdoel van die boek Esegïel. Vier en vyftig maal in die 48 hoofstukke sê die Here: "Dan sal julle beseef dat Ek die Here is."

Die volk volhard in sonde. God straf sonde. Maar Sy straf is nooit 'n doel nie. Dit is 'n middel tot 'n doel. God wil nie dat mense sal sterf nie. Hy wil dat hulle hul sal bekeer en lewe! Die sin van die lewe is in 'n lewende verhouding met die Here.

Die is in hierdie tyd dat die profeet Esegïel optree. Onder leiding van die Gees kry hy 'n opstandingsvisioen van die volk se ervaring van dood en uitsigloosheid. Deur die werking van die Gees van God word hy gebring na 'n vallei vol droë bene.

Op God se vraag of hierdie bene weer kan leef, haal Esegïel net sy skouers op en sê: "Nee, dit weet net U, Here my God."

Dan gee God die verrassende opdrag in Eseg 37:4-6: "4Hy sê toe vir my: "Tree op as profeet vir hierdie bene en sê vir hulle: Hoor die woord van die Here, droë bene! 5So sê die Here my God vir hierdie bene: Ek gaan gees in julle laat kom sodat julle kan lewe: 6Ek sal vir julle senings en vleis aansit en julle oortrek met vel en dan sal Ek gees in julle gee sodat julle kan lewe. Dan sal julle beseef dat Ek die Here is."

Dooie bene wat weer leef is onmoontlik. Maar God hou aan dat Sy gees hierdie droë bene sal laat leef. En wonderbaarlik laat God se woord die een been na die ander beweeg, vleis en senings word aangesit en vel bo-oor getrek. En dan, in 'n tweede lewendgewende stap, blaas God se Gees lewe in die nuutgeskape wesens.

Die droë bene wat weer leef is in die eerste plek die beeld vir die herstel van die huis van Israel. God gee nuwe lewe aan die ballinge en spoor hulle aan tot aksie. Hulle sal opstaan en rondloop en terugkeer na hul eie land toe.

Ons leef vandag in 'n wêreld vol bedrog, geweld, misdaad en onrus op kampusse - om maar 'n paar te noem. Dooie beendere lê oral rond.

By die wonderlike getuïenisse en tekens van lewe wat God in ons as Sy kerk werk, is daar ook dooie beendere in die kerk en in ons as gemeente sigbaar.

Ons gemiddelde oggenddiens bywoning hierdie jaar is 25%. Gemeente bidure word nie goed bygewoon nie. Ons weet dat alle herlewing van God af kom. Maar ons weet ook dat geen herlewing gebeur sonder gebed nie. Daarom moet ons baie erns maak met gebed.

En dan is daar ook goed wat ons nie kan meet nie. Hoe gehoorsaam is jy aan God se groot opdrag om Hom en jou naaste liefde te hê? Is jy uit dankbaarheid diensbaar en betrokke by die werk van die Here? Tot elkeen van ons kom die groot opdrag om onbereiktes te bereik met die goeie nuus van God. Is ons gehoorsaam daaraan?

Die Franse skrywer en filosoof, Voltaire, wat in 1778 dood is, het gesê dat daar in 50 jaar nie meer van die Bybel gehoor sal word nie. Dieselfde diagnose is oor die jare van die kerk gegee. En tog is die Woord en ons steeds hier! Is daar hoop in hierdie situasie? Verseker is daar hoop!!

Wat is die oplossing? Nee, Wie is die oplossing? In Esegïel 36 vers 24-29 sê die Here 11 maal: "Ek sal" en in die 14 verse van Eseg 37 sê Hy 7 maal: "Ek sal". God sal getrou bly ten spyte van ons sonde, ongeloof en uitsigloosheid. Hy betoon aan ons onverdiende genade. Hy sal die situasie in ons land herstel en aan ons nuwe lewe gee. Hy bewerk hartoorplantings, haal harte van klip uit en plant nuwe liefdesharte in mense se lewens in.

God se Gees het die krag om 'n dal vol doodsbeendere nuwe lewe te gee. Lees vers 9 en 14:

⁹Toe sê die Here vir my: "Praat nou as profeet met die gees, tree op as profeet, mens, sê vir die gees: So sê die Here my God: Kom uit die vier windstreke, gees, blaas in hierdie dooies in dat hulle kan lewe."

¹⁴Ek sal my Gees in julle laat kom sodat julle kan lewe en Ek sal julle in julle land laat woon. Dan sal julle besef dat Ek die Here is. Ek het dit gesê en Ek sal dit doen," sê die Here.

God werk ook nuwe lewe deur Sy Woord. Ons lees in Esegïel 37 vers 4: ⁴Hy sê toe vir my: "Tree op as profeet vir hierdie bene en sê vir hulle: Hoor die woord van die Here, droë bene!

God het 'n reddingsplan vir die wêreld. Dit is 'n wenplan! Jesus Christus is ons bewys dat Hy daarmee besig is. Dit enigste vraag is of jy deel van Sy wenplan en -span wil wees? Is jy in of uit? Indien jy in is, vertel dan die wêreld van God se wenplan en leef as God se oorwinnaar. Hy maak doodsbeendere lewend!

Amen